Koue Bokkeveld
OPLEIDING
SENTRUM

**23 Junie 2026** **GEMEENSKAPSONTWIKKELING BRIEF**

## GEMEENSKAPSDAGBOEK

| Datum<br>Usuku | Afsny datum | Geleentheid<br>Inkqubo | Lokaal<br>Indawo | Tyd<br>Ixesha | Kostes<br>Ixabiso |
|---|---|---|---|---|---|
| 24 Junie | 19 Junie | Afr. Leiersdag | NGKerksaal Op-die-Berg | 08:30 | R 750 per persoon |
| 30 Junie | 15 Julie | Witzenberg Landboutoekennings | Kaleo | 07:30 | R 95 per deelnemer<br>R 170 per bestuurder/HR |
| 10 Aug | 3 Aug | Vrouedag | Ceres Sekondêr | 08:00 | R 165 per persoon |
| 14-16 Aug | 25 Junie | Vrouekamp | T.B.C | T.B.C. | R 1380 per persoon |
| 24-27 Aug | 22 Aug | GOB kleingroepe | Verskeie streke | 19:00 | Gratis |

## GEMEENSKAPSNUUS / IINDABA ZOLUNTU

### Jeugdag terugvoering

Ongeveer 390 leerders het vanjaar ons jaarlikse Jeugdag bygewoon. Die dag was gevul met inspirerende boodskappe en kragtige getuienisse wat die leerders aangegryp en bemoedig het. Van stories oor boeliegedrag en uitdagings tot verhale van hoop en sukses, het die sprekers 'n blywende indruk gemaak.

Dit is merkwaardig hoeveel leerders uit so 'n dag kan leer. Die impak van hierdie dag strek veel verder as die verrigtinge self en dra by tot die positiewe ontwikkeling van ons jeug.




Malunga nama-390 abafundi baye bazimasa uSuku loLutsha lwethu lonyaka. Olu suku beluzaliswe yimiyalezo ekhuthazayo kunye nobungqina obunamandla obuchukumise nabakhuthaze abafundi. Ukusuka kumabali malunga nokuxhatshazwa (bullying) nemingeni yobomi ukuya kumabali ethemba nempumelelo, izithethi zishiye umkhondo ongasoze ulibaleke.

Kuyamangalisa ukubona indlela abafundi abafunda ngayo kwiziganeko ezifana nesi. Impembelelo yolu suku idlulela ngaphaya kwemisebenzi yosuku ngokwalo kwaye inegalelo elibonakalayo kuphuhliso oluhle nolunempumelelo lolutsha lwethu.

## Vrouekamp: BeYOUtiful

Aangebied deur **Karin van Wyk**

Ons is só opgewonde om ons heel eerste BeYOUtiful Vrouekamp aan te bied! Hierdie gaan'n lewensveranderende ervaring wees.

Vir Afrikaanse én Xhosa vrouens – 'n plek waar ons saam kan groei, saam kan bid en mekaar kan versterk.

Vir twee weke vóór die kamp word daar doelbewus vir elke vrou by naam gebid. Karin ontvang ook elkeen se naam se betekenis, wat deel vorm van die unieke bediening en voorbereiding. Daarom is dit baie belangrik dat ons alle name vooraf ontvang en ongelukkig kan daar **geen kansellasies ná 25 Junie** wees nie.

📍 Kamp vind plaas: **14-16 Augustus 2026**
💳 Kostes sal op die Junie-rekening verskyn **R 1380 p.p**. (sluit in akkomodasie, etes, kroon en jou naam betekenis)

Dit is jóú tyd…
Om te rus.
Om asem te skep.
Om weer jouself te vind.
Om te ontdek wie jy werklik is – **BeYOUtiful.**

Ons kan nie wag om hierdie besondere reis saam met jou te stap nie!

## Inkampu Yabafazi: BeYOUtiful

Inikezelwa ngu **Karin van Wyk**

Sivuyiswa kakhulu kukumema kwiNkampu yethu yokuqala yeBeYOUtiful yabafazi! Le iya kuba ngamava atshintsha ubomi.

Yenzelwe abafazi abathetha isiAfrikaans nesiXhosa – indawo apho sinokukhula kunye, sithandaze kunye, kwaye sikhuthazane.

Iiveki ezimbini phambi kwenkampu kuthandazelwa umfazi ngamnye ngegama lakhe. UKarin ufumana nentsingiselo yegama lomntu ngamnye, nto leyo eyinxalenye yenkonzo ekhethekileyo kunye nolungiselelo. Ngenxa yoko kubaluleke kakhulu ukuba sifumane onke amagama kwangaphambili, kwaye ngelishwa akuyi kubakho kurhoxiswa emva komhla wama-25 kuJuni.

📍 Inkampu iza kubanjelwa
💳 Iindleko ziya kubonakala kwi-akhawunti kaJuni.

Lixesha lakho…
Lokuphumla.
Lokuphefumla nzulu.
Lokuzifumana kwakhona.
Lokufumanisa ukuba ungubani ngokwenene – BeYOUtiful.

Asinakukulinda ukuhamba olu hambo lukhethekileyo kunye nawe!

## Vrouedag

Terwyl julle nog wonder wat Vrouedag hierdie jaar gaan inhou, werk ons reeds hard agter die skerms om vir julle 'n dag vol inspirasie, lag, musiek en betekenisvolle oomblikke saam te stel. Ontmoet ons sprekers:

Haidee Muller-Isaacs is 'n bekende radiopersoonlikheid by RSG, dokumentêre vervaardiger en storieverteller met 'n passie vir mense en hul unieke lewensverhale. Ná 'n suksesvolle loopbaan as joernalis by Huisgenoot het sy haar hart in die radiowêreld gevind, waar sy luisteraars inspireer deur die stories van gewone mense op buitengewone maniere te vertel.

Shirley Olivier van die Suid-Oosterfees is bekend vir haar betrokkenheid by een van die Wes-Kaap se voorste kunstefeeste en haar passie om mense deur kuns, kultuur en gemeenskapsprojekte bymekaar te bring.











Op algemene versoek verwelkom ons weer vir Phumzile September, beter bekend as Queen Phumi! Sy gaan vroue inspireer met haar kragtige boodskap oor *“Letting Go of What Does Not Serve You”*.

Akhona Vuta sluit ook by ons aan en gesels oor die belangrikheid van selfsorg, hoe dit hand aan hand gaan met stresbestuur, en die invloed daarvan op effektiewe ouerskap

...en hierdie is nog net die begin van al die lekker dinge wat wag!

Kom vier saam die krag, moed, uniekheid en skoonheid van vrouwees. Bring jou vriendinne, kollegas, ma, dogter of suster saam en maak gereed vir ’n dag om te onthou.

## Usuku Lwabasetyhini

Ngelixa nisazibuza ukuba uSuk lwaBasetyhini luza kuba njani kulo nyaka, thina sele sisebenza nzima emva kwezigcawu ukulungiselela usuku oluzele yinkuthazo, ukuhleka, umculo kunye namaxesha anentsingiselo.

Omnye wezithethi zethu ezikhethekileyo nguHaidee Muller-Isaacs.

UHaidee ngumntu owaziwayo kunomathotholo weRSG, ungumvelisi weenkqubo zamaxwebhu (documentaries) kwaye ungumbalisi wamabali onothando olukhulu ngabantu namabali abo obomi awodwa. Emva komsebenzi ophumeleleyo njengentatheli kwaHuisgenoot, wafumana uthando lwakhe lokwenene kwihlabathi lonomathotholo, apho ekhuthaza abaphulaphuli ngokubalisa amabali abantu abaqhelekileyo ngendlela engaqhelekanga. Uthando lwakhe lomculo, lwabantu nolobomi lumenza abe sisithethi esiza kukwenza uhleke, ucinge kwaye ubuyele ekhaya ukhuthazekile.

Sikwanelungelo lokubhiyozela olu suku kunye noShirley Olivier waseSuid-Oosterfees. UShirley waziwa ngokuzibandakanya kwakhe komnye weminyhadala yobugcisa ephambili eNtshona Koloni nangothando lwakhe lokudibanisa abantu ngobugcisa, inkcubeko kunye neeprojekthi zoluntu. Umdla wakhe nokuzinikela kwakhe kuphuhliso lwabantu kumenza abe yinxalenye ebalulekileyo yenkqubo yethu.

Ngenxa yesicelo sabantu abaninzi, samkela kwakhona uPhumzile September, owaziwa ngcono njengoQueen Phumi! Uza kukhuthaza abasetyhini ngomyalezo wakhe onamandla othi *“Letting Go of What Does Not Serve You”* – ukulahla izinto ezingasakuncediyo ebomini.

Sikwamkela noAkhona Vuta, oza kuthetha ngokubaluleka kokuzinyamekela, indlela oku kuhambelana ngayo nolawulo loxinzelelo (stress management), kunye nefuthe lako kubuzali obusebenzayo.

...kwaye esi sisiqalo nje sezinto ezininzi ezimnandi ezisalindileyo!

Yizani nize kubhiyozela amandla, inkalipho, ubukhethekileyo nobuhle bokuba ngumfazi. Yizani nabahlobo benu, oogxa benu emsebenzini, oomama, iintombi okanye oodade benu, nize nilungele usuku eningasoze nilulibale.

## Gedagte vir die week




Vriendelike groete,
*Die Gemeenskapsontwikkeling span*